# Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 25 JAAR OUD!

25

GRATIS

Junie 2023

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION



Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper


# FAMOUS LAST WORDS

"FAMOUS last words" is more than a cliché. When notable men and women of influence are about to die, many wait to hear their final words of insight and wisdom; and those words are repeated worldwide.

This is also true with a dying loved one. Gathered at his or her side, the family strains to hear every whispered syllable of blessing, encouragement, and advice, knowing that this will be the final message.

One of the most knowledgeable, influential, and beloved men of history was the apostle Paul. And we have his famous last words.

Paul was facing death. He was not dying of a disease in a sterile hospital with loved ones gathered nearby. He was very much alive, but his condition was terminal. Convicted as a follower of Jesus of Nazareth, he lay in a cold Roman prison, cut off from the world, with just a visitor or two and his writing materials. Paul knew that soon he would be executed, and so he wrote his final thoughts to his "son" Timothy, passing to him the torch of leadership, reminding him of what was truly important, and encouraging him in the faith.

Imagine how Timothy must have read and reread every word - this was the last message from his beloved mentor, Christ's great missionary apostle, Paul. Because of the situation and the recipient, this is the most intimate and moving of all Paul's letters, and his last.

Paul's introduction is tender, and the love he has for Timothy seeps from every phrase. He then reminds Timothy of the qualities necessary for a faithful minister of Jesus Christ. Timothy should remember his calling and use his gifts with boldness, hold tightly onto the truth, prepare others to follow him in the ministry, be disciplined and ready to suffer hardship like a soldier, an athlete, and a farmer, and keep his eyes and mind focused on Christ. Paul challenges Timothy to hold onto sound doctrine, reject error and foolish discussions, know the Word, and keep his life pure.

Next, Paul warns Timothy of the opposition he and other believers would face in the last days from self-centered people who use the Church for their own gain and who teach new and false doctrines. He tells Timothy to be prepared for them by remembering his example, understanding the real source of the opposition, and finding strength and power in the Word of God. Then Paul gives Timothy a stirring charge to preach the Word and to fulfil his ministry until the end.

Paul concludes with personal requests and items of information. In these final words, he reveals his loneliness and his strong love for his brothers and sisters in Christ.

There has never been another person like Paul, the missionary apostle. He was a man of deep faith, undying love, constant hope, tenacious conviction, and profound insight. And he was inspired by the Holy Spirit to give us God's message.

*** *** *** *** *** ***

The Holy Spirit helps us to be wise and strong. God honours our confident testimony even when we suffer. To get over our fear of what people might say or do, we must take our eyes off people and look only to God.

We can count on opposition, suffering and hardship as we serve Christ. But this shows that our faithfulness is having an effect on others. As we trust Christ, He counts us worthy to suffer and will give us the strength we need to be steadfast. Because of deception and false teaching, we must be disciplined and ready to reject error by knowing God's Word.

*[LIFE APPLICATION BIBLE, The Living Bible, Tyndale House Publishers and Youth for Christ/USA Wheaton, Illinois, 1988].*

# WHY DID JESUS HAVE TO DIE?

### THE PROBLEM

We have all done things that are wrong, and we have failed to obey God's laws. Because of this, we have been separated from God our Creator. Separation from God is death; but, by ourselves, we can do nothing to become united with God.

### WHY JESUS COULD HELP

Jesus was not only a man; He was God's unique Son. Because Jesus never disobeyed God and never sinned, only He can bridge the gap between the sinless God and sinful people.

### THE SOLUTION


Jesus freely offered His life for us, dying on the cross, in our place, taking all our wrongdoing upon Himself, and saving us from the consequences of sin - including God's judgment and death.

### THE RESULTS

Jesus took our past, present, and future sins upon Himself so that we could have new life. Because all our wrongdoing is forgiven, we are reconciled to God. Furthermore, Jesus' resurrection from the dead is the proof that His substitutionary sacrifice on the cross was acceptable to God, and His resurrection has become the source of new life for those who believe that Jesus is the Son of God.

**All who believe in Jesus may have this new life and live it in union with Him!**

*[LIFE APPLICATION STUDY BIBLE, New Living Translation, Tyndale House Publishers, Inc. Carol Stream, Illinois, 2007].*



# NET 'N STUKKIE HEMELBROOD

**Hoe lyk die hemel? Wat gaan ons daar eet? Wat gaan ons daar doen? Waar is die plek wat hulle 'hemel' noem? En wat beteken dit vir ons hier op aarde? So baie vrae, so baie gissinge.**

**Jesus het voor Sy kruisiging gesê: *"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van My Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is* (Joh. 14:1-3).**

**Een bekende prediker sê die volgende: "Now, for many years I heard this verse in John 14 interpreted as there being beautiful mansions that God has prepared in heaven for us. So, when we arrive in heaven, Peter will meet us at the gate and take us through the city of heaven, down Glory Lane, and there, in this beautiful forest of blossoming trees, stands one of these beautiful colonial-type mansions, with the verandas and the porches and the stream. And the Lord says, 'There you are, check in.'"**

**Daar is ouers wie se seun, 'n kranige rugbyspeler in 'n ongeluk dood is. Hulle troos hulself met die gedagte dat hy daar met die engele rugby speel! In eerbied en meegevoel met hulle smart wil ons nie met hulle daaroor redeneer nie. Maar hoe sal dit wees?**

**Is dit werklik al wat hierdie Skrifgedeelte beteken? Is dit net letterlik verstaanbaar? Is dit al wat ons onder 'hemel' verstaan? Wat is 'hemelbrood'?**

**Ons kan na die Woord gaan, en volg wat Jesus vir ons gesê het toe Hy gesê het Hy gaan om vir ons, die gelowiges, 'n plek te berei, want Hy is die Brood van die Lewe. Aan hierdie kant van die graf soek ons net 'n stukkie hemelbrood om ons in ons nood en in ons smart te troos... Jesus is dus ons Hemelbrood, die manna wat uit die hemel neergedaal het, wat aan ons die ewige lewe gee.**

**Ons kan begin deur te aanvaar dat die hemel die woonplek is van God: *"Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik"* (Matt. 5:16). Een ding weet ons dus: Jesus berei vir ons 'n plek waar God is! Daar is dus 'n letterlike woonplek van God. Maar daar is BAIE meer. Lees verder saam onder die leiding van die Heilige Gees.**

**Kom ons klim verder op met die leer. Tweedens is God Alomteenwoordig. Hy kan oral wees in die heelal. In Sy skepping. Want Hy het alles gemaak. Daarom kan Hy elke dag by al Sy kinders wees. Hy is nie plekgebonde soos ons nietige mense nie. Ons kan 'hemel' dus bietjie wyer verstaan - as die plek waar God met ons is. Hy is teenwoordig in ons vreugde, maar ook in ons pyn en innerlike smart. Dit is dán wanneer Hy sê: *"…en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer"* (Ps. 50:15). Ons belewenis van God se teenwoordigheid is dus ook 'hemel' in 'n sekere sin.**

**Derdens: Hoe kan ons die hemel beërwe? 'n Klein stukkie brood is vir klein kindertjies. Ons moet God se hemelbrood, die Woord, soos klein kindertjies glo en in ons harte bêre. Jesus sê: *"Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!"* (Matt. 18:3).**

**Kom ons beskou die verhaal van Abraham. In Gen. 22 lees ons dat God vir hom sê: *"Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys"* (Gen. 22:2). God vra as't ware: Hoe lief het jy My? Met 'n liefde wat jou alles van jou vra? Is Ek nog jou eerste liefde? Wat van jou gehoorsaamheid wat uit jou liefde vir My gebore is? Hoe sterk is jou geloof wat uit jou liefde vir My gebore is? En Abraham kon vra: Vra U my enigste wat ek liefhet? Die kind waarvoor ek so lank gebid en gewag het? (Lees die hele verhaal in Gen. 22 asook Heb. 11:17-19.) Tog doen Abraham wat God van hom vra, want God kom eerste in sy lewe! En hy sê: "Die HERE sal voorsien! Blindelings volg ek Hom. Ek ken Hom! Hy kan nie 'n fout maak nie!" En hy maak gereed om te offer.**

**God sien Abraham se geloof en gehoorsaamheid, en hy keer hom voordat hy Isak offer. *"Maar die Engel van die HERE het na hom van die hemel af geroep en gesê: 'Abraham, Abraham!' En hy antwoord: 'Hier is ek!' En Hy sê: 'Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie'"* (Gen.22:1-12). Hierdie toets het nie ter wille van die HERE gekom nie, maar ter wille van Abraham. Hierna is Abraham 'n *"vriend van God genoem"* (Jak. 2:23).**

**Abraham word 'n tipe van God die Vader wat Sy Seun, Jesus Christus, geoffer het. Die Woord verklaar: *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy enig-gebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê"* (Joh 3:16). Hy het sy alles in liefde vir God gegee. En toe gee God ook Sy alles vir die wêreld - Jesus - vir al die volke van die aarde. Jesus is dus die Weg na die hemel vir elkeen wat in Hom glo. Dit is die Antwoord: geloof in Jesus sal vir ons 'n hemel-erfenis verkry! Net soos Abraham, kan ons ook 'n stukkie hemelbrood ontvang deur die geloof in God se Seun.**



**Onthou die woorde van Jesus aan Sy dissipels: *"Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel"* (Joh. 15:14). God vra jou alles, dan gee Hy jou alles - en Hy het so oneindig baie om vir jou te gee. Maar ons word ook getoets soos Abraham. Onthou net, Hy is met ons in en deur ons toetse. Hy reguleer die hitte van die vuuroond, en red ons uit, soos Hy Abraham uitgered het. Onthou, geen vlam is so groot dat Hy dit nie kan blus nie. God sal ons deur al die lewenstoetse en teenspoede dra om Sy hemel binne te gaan, om by Sy hemelbrood uit te kom. Hy sê: *"As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere - hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie"* (Jes. 43:2). Hoekom? Want jy het die Almagtige jou Vriend gemaak! En in Sy teenwoordigheid en vriendskap vind ons nou reeds ons hemelbrood.**

***"As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie…"*** **(Jesaja 43:2). *"En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld"* (Matt. 28:20b). *"Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou"* (Jes. 41:10). Jy is dus nooit alleen nie, maar altyd in God se teenwoordigheid - 'n stukkie hemelbrood wat ons nou reeds ontvang, terwyl ons wag om die hemel volledig te beërwe.**

**Daar is 'n kosbare verhaal (uit die *Watchmen-Examiner*) wat hierdie genade van God verder illustreer: *"A crowd of university students were coming home from an evening of so-called pleasure. Their drunken leader noticed on the steeple of a church a cross, illuminated by the moonlight Suddenly he shouted, "Ye mathematicians, look at God's plus sign!" One of those students could not sleep that night. Towards morning he stepped into the leader's room, and said that the vision of the cross as God's plus sign - the symbol of His abundant love for mankind - had made him decide to uphold that Cross, Seven others of those university men followed in his steps."* Hierdie studente het 'n stukkie hemelbrood ontvang, uit genade. God nooi jou ook uit om Sy hemel in te gaan. Sal jy dit aanneem en die stukkie hemelbrood, die uitnodiging tot redding deur geloof in Jesus, uit Sy hand aanvaar? En dan ook, tweedens, kind van God: sal jy God se Teenwoordigheid te midde van jou smarte as 'n stukkie hemel aanvaar, en in nederige oorgawe jou stukkie hemelbrood ontvang?**

***© Dr JJ Venter***

# "LOUWARM? BINNE OF BUITE?"

Nou die dag, terwyl ek in 'n winkelsentrum was, het ek twee seuns gesien wat by 'n draaihek gespeel het. Hulle het al in die rondte gedraai. Dán was hulle binne en dán buite.

Hulle het eers gestop toe 'n sekuriteitswag hulle vra: "Do you want to be in or out?"

Dit het my herinner aan Openbaring 3:15-16 - *"Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg."*

'n Sondagskool-onderwyser vra 'n dogtertjie: "Bid jy elke dag?" "NEE," antwoord die dogtertjie. "Daar is dae wat ek niks nodig het nie!" Dit is tiperend van baie Christene. Ons kan dikwels nie onderskei tussen die "God-wat-ek-nodig-het" en die "God-wat-ek-dien" nie.

Hoe lyk jou verhouding met die Here? Dien jy Hom omdat jy Hom nodig het, of omdat jy Hom wil eer? Is God net jou Voorsiener of is Hy steeds jou Eerste Liefde?

Ek onthou dat ek elke oomblik van die dag by my vrou wou wees nadat ons getroud is. In die huwelik kan ons nie selfsugtig wees nie. Tog, wanneer dit by God kom, is ons dikwels selfsugtig en soek ons Hom net as ons Hom nodig het.

Natuurlik word ons deesdae gekonfronteer met die Leer van Genade, en ongelukkig aanbid sommige eerder God se genade as die genadige God!

Ja, ek glo dat God genadig is en dat Hy Sy liefde en genade oorvloedig uitstort oor diegene wat Hom aanneem. Maar die Here sê ook: *"Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!"* (Openbaring 2:4-5). *"Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg"* (Openbaring 3:16).

Waar wil jy wees? "Do you want to be in or out?" Kom ons gee opnuut ons hele wese oor aan God sodat Hy weer Here in ons lewens kan wees. En wanneer ons aan Hom oorgegee het, sal Hy ook in ons nood voorsien. Wil jy binne of buite wees? As jy gefaal het en begeer om binne God se Koninkryk te wees kan jy die Here nader met 'n gebed soos hierdie: "Hemelse Vader, ek bekeer my van my sondige weg. Ek draai opnuut na U. Vergewe my en maak my heel. Ek bid dit in Jesus Naam. Amen."
[Danie, Gemeenteblad, VEK, Sasolburg]

==========

As jy self kies watter dinge in die Evangelie jy glo en watter jy verwerp, dan glo jy nie in die Evangelie nie, maar in jouself.
- Augustinus.

## JOU KRAGTIGSTE WAPEN

*"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag" (Jakobus 5:16).*

*Staan jy voor 'n groot uitdaging vandag? Gebruik jou kragtigste wapen - gebed! Gebed dra groot krag. Wanneer jy opreg bid, raak jou gedagtes God-gerig, en wanneer jou gedagtes God-gerig is, dan neem God oor. En wanneer God oorneem, verander alles en wonders begin gebeur, want God werk deur die opregte gebede van Sy kinders!*

# IKWATLHAYE! DUMELA MME O TLAA BOLOKWA!

## (Repent! Believe and you will be saved!)





Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837

DITEMANA

Tefo ya boleo ke loso, mme neo ya bopelotlhomogi ya Modimo ke bophelo jo bo sa khutleng jo bo bonwang mo go Keresete Jesu, Morena wa rona (Baroma 6:23).
Ke lo raya ke re: Nnyaya; mme fa lo sa sokologe, le lona lo tla nyelela jalo lotlhe (Luka 13:3).
Ke lo raya ke re: Go boitumelo jalo mo baengeleng ba Modimo ka ga moleofi a le mongwe yo o sokologang" (Luka 15:10).

PUISANO

Moruti o bua le Mmapule. Mmapule o ithuta ka ga boitshwarelo ba maleo le poloko.
*Madume Mmapule.*
Dumela Moruti.
*A o tlile wa akanya gore mosola wa gago ke eng mo lefatsheng? A go na le Modimo?*
Ijoo, ke potso e e thata eo. Gongwe re mo lefatsheng fela go phela le go gola le go ja monate.
*A o kile wa akanya ka bophelo le loso? A o tshaba go swa?*
Ee, ke akanya ka tsone mme ga ke tshabe go swa ka gore batho botlhe ba na le letsatsi la go swa.
*A motho o swa fela jaaka ntswa kgotsa go diragala eng ka wena morago ga go swa?*
Ke kile ka buisa ka ga loso mo Beibeleng mme ga ke itse sentle.
*A o itse gore Beibele e ruta gore tuelo ya dibe ke loso?*
Ga ke itse ke buisa Beibele gannye fela.
*Batho ba swa ka ntlha ya maleo. A wena o na le boleo kgotsa maleo?*
Ee, ke dumela jalo. Ga go na motho yo a se nang maleo.
*Maleo ke jaaka kwa tshekong. Fa o isiwa kwa tshekong mme o na le maleo o fiwa katlholo ya gore o swe.*
Ijoo jaanong wa ntshosa. A Modimo a ka re bolaya ka ntlha ya maleo. A Modimo ga a lorato mme ga a re itshwarele?
*Modimo o rometse morwa wa Gagwe gore a emele maleo a rona. A re swele mo sefapaanong.*
A go raya gore nka dira maleo jaaka ke rata mme Modimo a ka ntshwarela maleo a me?
*Nnyaa fa o tswelela go dira maleo Modimo a ka se a go itshwarele. O tshwanetse go kopa boitshwarelo mme o se tswelele ka maleo.*
Ke badile gore Jesu o reile mosadi wa boaka gore a se tlhole a leofa.
*Go jalo. Re tshwanetse go baakanya maphelo a rona mme re leke go se tlhole re leofa.*
Modimo o mogolo mme o bopelotelele. Ga ke dumele gore o itshwarela batho botlhe.
*Fa o kopa boitshwarelo jwa maleo a gago Modimo a ka go itshwarela.*
Ruri Modimo a ka re itshwarela maleo a rona rotlhe?
*Nnyaa, Modimo o itshwarela ba ba amogelang se Jesu a se dirileng mo sefapaanong mme ba mo amogela go nna Mopholosi wa bone.*
A go raya gore fa Modimo a se intshwarele ke bonwa molato mme nka ya kwa diheleng?
*Go jalo mme o tlhoka go dumela fela mo go se Jesu a se dirileng mo sefapaanong. Jesu o rile mo sefapaanong: "Go weditswe!" O swetse maleo a gago.*
A go raya gore fa ke dumela mo go Jesu le se a se dirileng o tla ntshwarela maleo a me?
*Ee, go jalo. Fa o tshwarwa ke mapodisa kwa tshekong ba tlile go go fa kotlo. Jaanong fa o ka ya kwa kgotleng be ba re mongwe o go dueletse melato ya gago o ka dira eng?*
Ijoo nka itumela thata. A o raya gore Jesu o re dueletse melato ya rona mo sefapaanong?
*Ee, go jalo. O rile "Go weditswe!" Temana ya re o ka amogela bophelo jo bo sa khutleng.*
Ke tshwanetse go dira eng go amogela bophelo jo bo sa khutleng?
*O tshwanetse go dumela mo go Jesu mme o tlhaloganye gore o modiradibe, o ikwatlhae mme o dumele mo go se Jesu a go diretseng sone.*
Ke ka rata go dira jalo. Ke tla tshwanela go dira jalo letsatsi le lengwe.
*Wena o tlile go swa leng ka o rile ga o tshabe loso?*
Ga go na ope yo a itseng letsatsi la bofelo la gagwe.
*A re ka dira jalo gone jaanong? A o ka rapela le nna?*
Ee nka itumela thata.
*Rapela le nna. Modimo, ke nna Mmapule. Ke modiradibe mme ke kopa o intshwarele maleo a me mme ke dumela mo go Jesu Keresete le gore o swetse maleo a me mo sefapaanong. Ke kopa gore Jesu a nne Mopholosi wa me. Amen.*
Ke a leboga. A se ke se badumedi ba se bitsang go sokologa. Ke itumetse thata jaanong.
*Itse jaanong gore o itshwaretswe maleo mme o amogela bophelo jo bo sa khutleng.*
Ke itumetse thata. Ke a leboga!

# Mozambique: How Jesus is Moving Amid Terror And War

Heidi and Rolland Baker of IRIS GLOBAL share the love of Jesus Christ in Mozambique, as a 'campaign of terror' has displaced millions.

Their ministry is documented in a new film, NIFENTO, which can be watched online for free at nifento.com. The documentary follows Heidi Baker as she and her team fight to see love win against all odds in the midst of terrorism, chaos, and torture of the innocent.

“Many of our friends have lost their homes. They've been burned down," Baker said. "Others have lost their lives, but we are empowered by love and because we are empowered by love, we continue to go. We are going to continue to go. Low and slow. You can't stop us because love wins!"

Filmed by two missionaries, James and Jessica Brewer, NIFENTO is a film that showcases the grim reality of war and terrorism in northern Mozambique. It features stories from families who are experiencing it firsthand and the response of IRIS GLOBAL, which is working hand in hand with the local church.

Insurgents began to violently overtake the northern province of Mozambique roughly five years ago. Since 2018, more than 800 000 people have fled their homes with stories of unspeakable evil.

“I have suffered a lot,” one woman, Elisa, told IRIS GLOBAL. “I lost my father and I lost my husband. I also lost my sister.” Through tears, she explained how her husband, who was a pastor, and her father, were killed by extremists. Elisa and her family of 18 fled their home. “My husband's uncle was also beheaded,” she said. “We buried his body, but still have not found his head.”

Despite the threat of terrorism, cyclones, floods, famines, and extreme poverty, Baker said she and Rolland stayed to minister to the lost. “They are the most extraordinary people I have ever seen in terms of courage and generosity,” Heidi Baker said. “One of our pastors even had a 4.5-year-old child of his beheaded. Another one lost their home, six churches burned to the ground. Instead of being overwhelmed by a world filled with so much pain where extremists come and war happens, instead of being overwhelmed by that, we're empowered by the love of a God, Who is LOVE, to stop for the one in need.”



Baker and her husband have been missionaries since they were married in a small charismatic church in Southern California. They spent 12 years in Asia and saw thousands come to Jesus.

In 1995, the Bakers moved their family to Mozambique - one of the poorest countries in the world. The government offered them a horribly dilapidated and neglected orphanage. They started caring for 80 children and watched God pour out His Love and provide food day after day.

Today, their ministry, IRIS GLOBAL, has networks of churches and church-based orphan care in all ten provinces in Mozambique.

*Source: Iris Global, Joel News 1304*

# The Living Cornerstone

Crushed, overwhelmed, devastated, torn - these waves of feelings wash over those who suffer, obliterating hope and threatening to destroy them. Suffering has many forms - physical abuse, debilitating disease, social ostracism, persecution. The pain and anguish tempt a person to turn back, to surrender, to give in.

Many first-century followers of Christ were suffering and being abused and persecuted for believing in and obeying Jesus. Beginning in Jerusalem at the hands of their Jewish brothers, the persecution spread to the rest of the world - wherever Christians gathered. It climaxed when Rome determined to rid the Empire of the “Christ-ones” - those who would not bow to Caesar.

Peter knew persecution firsthand. Beaten and jailed, he had been threatened often. He had seen fellow-Christians die and the Church scattered. But he knew Christ, and nothing could shake his confidence in his risen Lord! So Peter wrote to the Church, scattered and suffering for the faith, giving comfort and hope and urging continued loyalty to Christ.

Peter begins by thanking God for salvation. He explains to his readers that trials will refine their faith. They should believe in spite of their circumstances; for many in past ages believed in God's plan of salvation, even the prophets of old who wrote about it but didn't understand it. But now salvation has been revealed in Christ.

In response to such a great salvation, Peter commands them to live holy lives, to reverently fear and trust God, to be honest and loving, and to become like Christ.

Jesus Christ, as “the living Cornerstone” upon Whom the Church is to be built, is also the Stone that was rejected, causing those who are disobedient to stumble and fall. But the Church, built upon this Stone, is to be God's royal priesthood.


Next, Peter explains how believers should live during difficult times. Christians should be above reproach, imitating Christ in all their social roles - masters and servants, husbands and wives, church members and neighbours. Christ should be our Model for obedience to God in the midst of great suffering.

Peter then outlines the right attitude to have about persecution. Expect it, be thankful for the privilege of suffering for Christ, and trust God for deliverance.

Next, Peter gives some special instructions. Elders should care for God's flock, younger men should be submissive to those who are older, and everyone should trust God and resist Satan.

When you suffer for doing what is right, remember that following Christ is a costly commitment.

When persecuted for your faith, rejoice that you have been counted worthy to suffer for your Lord.



He suffered for us; as His followers, we should expect nothing less. As you read 1 Peter, remember that trials will come to refine your faith. When they come, remain faithful to God!

*[Life Application Study Bible, New Living Translation, Tyndale House Publishers, Inc., Carol Stream, Illinois, 2007].*

# GOD HET MY VERGEET

Ek sit op die lughawe, wag vir 'n vlug, en dan doen ek wat ek altyd doen. Kry vir my 'n lekker koffie en haal my *journal* uit. Tyd om rou woorde wat ek vir die wêreld wegsteek, met God te deel.

Almal wat op my pad kom, beweeg vooruit (of so blyk dit), terwyl ek een terugslag op die ander beleef. Voel asof ek rondgeslinger word in 'n aggressiewe wasmasjien. Asof die lewe sy frustrasies op my uithaal, terwyl ek net moet *smile* en toekyk hoe my lewe en drome voor my verdamp soos mis voor die son!

“Hoe lank nog voor U kom Here?” vra ek. “Hoekom hoor ek nie U Stem nie, Here? Hoekom laat U toe dat al hierdie dinge met my gebeur? Ek verstaan die woestyn, en die reinigingsvuur, maar hoeveel kan een mens nog vat Here? Het U my verlaat, is U daar, hoor U my nog? Weet U van alles waardeur ek gaan? Is U bewus van al die onreg wat my aangedoen word? Ek weet U is daar, maar ek weet nie of U daar is vir mý nie,” skryf ek.

Terwyl ek nog so 'n *private fit* gooi, loop daar 'n traan onwillekeurig oor my wang, want God se Gees het iets in my hart gefluister. Sewe woorde, maar ek weet dis Hy: “Kan 'n ma haar pasgebore baba vergeet?” hoor ek in my gees. Dadelik weet ek wat Hy bedoel!

Ek pluk my Bybel uit en soek daai vers. *“Kan 'n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in My Handpalms gegraveer, Ek sien jou mure [gesig] altyd voor my.”*

Dis toe dat ek besef die leuen kry my onder, en as hy my probeer verniel, gaan hy tien teen een jou ook probeer kraak. Daarom deel ek hierdie boodskap met jou sodat jy nie sal twyfel nie.

As jy op só 'n plek is en dink jou lewe is verby, dis te laat vir enige iets, God het my vergeet, daar is nie meer hoop nie, weet dit: “Die leuen sê God is jou vyand.” God sê egter, *“Ek is 'n Vyand van jou vyand”* (Jesaja 49:25).

Die leuen sê, “Daar is nie 'n toekoms vir my nie.” God sê: *“Waarlik, daar is 'n toekoms, en jou hoop sal nie verydel word nie”* (Spreuke 23:18).

Die leuen sê, “Ek kan nie God se Stem hoor nie.” God sê: *“Elke môre laat Ek jou opnuut luister”* (Jesaja 50:4).

Die leuen sê, “Ek is te sag vir hierdie wêreld.” God sê: *“Dink aan die rots waaruit jy gekap is”* (Jesaja 51:1).

Die leuen sê, “God het jou nie lief nie.” God sê: *“Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra”* (Jeremia 31:3).

Die leuen sê, “Dis verby met jou, daar is nie hoop nie.” God sê: *“Ek sal vir jou 'n uitkoms gee”* (Jeremia 31:13).

Die leuen sê, “God stel nie belang in my lewe nie.” God sê: *“Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie”* (Jeremia 33:3).

Die leuen sê, “Niemand ontferm hulle oor my nie.” God sê: *“Ek sal My ontferm oor Sonder-ontferming”* (Hosea 2:22).

Die leuen sê, “'n Mens moet vir jou 'n deur oopmaak en my help.” God sê: *“Hulp kom net van My af”* (Jona 2:9).
My koffie is klaar, ek stap af in daai gang na die vliegtuig en dink aan die leuen wat my laat glo God het Sy rug op my gedraai. Die waarheid is, vir my en vir jou, *“Kan 'n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in My handpalms gegraveer, Ek sien jou mure [gesig] altyd voor my”* (Jesaja 49:15).



Amen.

- Wilco Naumann
https://wilconaumann.com

# RECEIVE GRACE

*“Therefore when Jesus had received the sour wine, He said, ‘It is finished!’ And He bowed His head and gave up His spirit”* (John 19:30).

Because JESUS died, we can live! Because He obeyed, we can be forgiven. Because He was condemned, we can be saved.

Following Jesus is not about better, faster, stronger, higher. It is about recognising our helplessness, admitting our guilt, and receiving His sacrifice on our behalf. Everything depends on the crucifixion and resurrection. Everything. That means nothing is left to depend on us. **Grace is something we receive, not something we earn.**

We do not come to the cross as worthy people, promising to do better. We come as desperate beggars, acknowledging our need and seeking God's empowering grace. *“I have been crucified with Christ; and it is no longer I who live, but Christ lives in me; and the life which I now live in the flesh, I live by faith in the Son of God, Who loved me and gave Himself up for me. I do not nullify the grace of God, for if righteousness comes through the Law, then Christ died needlessly”* (Galatians 2:20-21).

### VICTORY IS CERTAIN

Herein lies the tremendous hope: since nothing depends on us, since everything depends on God, victory is certain!

We have an ironclad guarantee of forgiveness, grace, and eternal life, if only we will receive Christ's sacrifice on our behalf. *“For by grace you have been saved through faith. And this is not your own doing; it is the gift of God”* (Ephesians 2:8).

### IT IS FINISHED

For those who are already believers, “nail to the cross” the sins that weigh you down. Do this as a reminder that Jesus has paid the cost for those sins, so you don't have to. Jesus has borne their burden, so your conscience need no longer be weighed down. Jesus will carry us to heaven, so we need not try to “earn” our way there.



Identify those sins that seem to stick to you like glue. Also think about those memories that just don't seem to go away, that come back mentally to condemn you. Then nail it to the cross, and hear Jesus say, “It is finished.”

*“When he had received the drink, Jesus said, ‘It is finished.’ With that, he bowed his head and gave up his spirit”* (John 19:30).

PRAYER: Jesus, You are my only hope. Realising all that You have done for me on the cross brings great joy and peace to my life. I can count on You. My access to the Father, assurance of forgiveness of my sins, entry into eternal life - all depend on You. I trust You, I give You my life anew, I worship You for what You have done. Amen.
- Ed Young, winningwalk.org

# TERT SE KERSFEESSTORIE

Ek brand al van lankal af om hierdie storie te vertel, maar ek het uitgehou tot nou toe. Merkwaardig, al moet ek dit self sê. As ek 'n storie hoor, dan moet hy vertel word, maar met hierdie een moes ek wag.

Verlede jaar besluit Tert en Lien dat, aangesien hulle kinders elkeen hulle eie koers gaan inslaan gedurende Kersfees, hulle nie stoksielalleen by die huis gaan sit nie. Tert wou weg na waar dit stil is. Geen blink liggies en goeters nie. Net die stilte.

'n Paar dae voor Kersfees het ons gaan groet en geskenke uitgeruil. Ons sou hulle eers weer ná Nuwejaarsdag sien. Met hulle terugkeer het ons gaan hallo sê en voorspoedige Nuwejaar toegewens en alles.

"Nou waar was julle toe?" wou ek nuuskierig weet.

"Noord-Kaap" sê Tert.

"Ek het nie geweet julle het familie daar nie?" vis ek verder uit.

"Nie gehad nie, maar nou het ons."

"Nou maar hoe werk dit?" hou ek vol.

"Jy't ook geen einde nie. Sal nou aanhou karring en karring totdat jy jou storie het," sê Tert.

"Maar jy weet mos. Ek dood oor 'n storie."

"Nou maar fyn. Sit terug en luister."

Ek is kinderlik bly oor die vooruitsig van 'n storie.

"Toe ek en Lien hier weg is, het ons regtig nie 'n idéé gehad waarheen ons nou eintlik wil gaan nie. Ons het by Jasmyn gestop vir ontbyt toe Lien sê sy wil Laeveld toe. Maar ek het gesê nee, daar is óók te veel mense. Ek soek stilte.

"'Nou maar dan moet jy woestyn toe,' sê sy toe half oprukkerig. 'Die kans is goed dat dit net ek en jy sal wees,' en sy skud haar hare. As sy so maak, moet ek weet: sy is nou krapperig. Ek het haar aangekyk. 'Jy is geniaal, weet jy,' sê ek vir haar.

"'Ek weet' kom dit selfvoldaan. Haar stemming het verbeter.

"'Nou waar sal ons dan heengaan?' wou sy weet.

"Nee, ek weet nie. Ons ry maar soos wat die stuurwiel draai en die pad ons vat.

"Na ontbyt klim ons weer in die wa en ek draai Rustenburg se kant toe. Op Lichtenburg draai ons toe weg Vryburg se koers in. Daar het ons die aand geslaap. By die gastehuis op Vryburg, vertel iemand vir ons van die pad al op die Botswana-grens langs, die Molopo in tot by Van Zylsrus. Dis 'n tweespoorpad maar onbeskryflik mooi sê die man.

"Die volgende oggend na ontbyt gryp ons die pad. Later is ons van die teer af op 'n grondpad. Die grondpad word toe wel later 'n tweespoorpaadjie, en die wêreld is vreeslik mooi. Die mooiste kameeldorings en af en toe 'n koedoe of twee, drie, en selfs 'n troppie gemsbokke. Deur plase en seker 'n honderd hekke moes ek iewers verkeerd afgedraai het, want toe raak die paadjie amper weg.

"Ons plan was om op Van Zylsrus te gaan slaap soos wat die ou op Vryburg vir ons beduie het, maar skielik het dit na 'n bitter skrale moontlikheid gelyk. Ons was in ons kanon in verdwaal. Die son was besig om te sak. Dit was Oukersdagaand, en ons was in die middel van nêrens, maar vreemd genoeg, dit was asof daar 'n groot kalmte oor my gekom het. Ek het vir Lien gekyk.

"'Dis lekker hier,' sê sy toe. 'Ons slaan ons tentjie sommer net hier op en ons slaap net hier in die veld onder die sterre. Hier is nou so min mense, dis wraggies net ons twee.' Sy giggel avontuurlik.

"Ons klim uit die wa uit en Lien kom staan in my arms. 'Kyk hoe mooi is die sonsondergang' sê sy. Lank het ek so gestaan met haar kop teen my bors totdat die son agter die horison weggesak het. Om ons het die nag begin wakker word.

Ons het nog so gestaan, toe ons 'n vreemde geluid hoor. So 'n klingel-klingel geluid. Terwyl ons nog rondkyk, kom daar 'n donkiekarretjie om die draai.

"'Ek sê vir die vrou ek moet loop kyk. Ek dink ek hoor iets,' sê die oompie op die bankie toe die karretjie langs ons tot stilstand kom.

"Ek draai om en kyk na die oompie. Rateltaai en voos gebrand deur die son sit hy daar.

"'Kom, meneer-hulle kan nie hier in die vlak slaap nie. Die vrou het al klaar julle kamer reggemaak.' Dis duidelik dat die oom nie nee vir 'n antwoord gaan vat nie.

"'Sal Oom omgee as ek saam met Oom ry? Ek het nog nooit op 'n donkiekarretjie gery nie,' vra Lien toe opgewonde.

"'Alte seker Mevrou. Wag ek help vir Mevrou,' sê die oom en help vir Lien tot op die bankie. Stadig kruie ons daar met die slingerpaadjie aan tot by die huisie. Lien waai vir my van die bankie af. Sy is so opgewonde soos 'n skoolkind.

"Die huisie is skoon en netjies op 'n eenvoudige manier. Die tante kom op die stoep uit toe ons stilhou.

"'Maar welkom hier by ons Hennerik vat die meneer-hulle se goed en sit dit in die spaarkamer kom nader die ketel kook al,' sê die tante alles in een asem.

"Toe ons in die kombuis instap, ruik ek die geurig gekookte kos, en die brandende paraffienlamp op die wit-geskropte tafel.

"'Kom ek wys vir Mevrou waar die badkamer is Mevrou wil seker eers bietjie hande en gesig was voor ek koffie skink.' Weer alles in een asem.

"Ek help die oompie om ons bagasie kamer toe te dra. 'Maar hoe is dit dat die tante die kamer so vinnig reggemaak het?' wil ek by die oompie weet.

"'Nee, Meneer sien, die vrou maak elke jaar so 'n week voor Kersfees al die kamer reg. Maar ek sal later vir Meneer die storie vertel. Kom was eers hande en dan gaan drink ons koffie.'

"Later, toe ons aan tafel sit, merk ek dat die tante nie net vir twee gekook het nie. Dit lyk asof sy ons verwag het. 'Hoe is dit dan dat dit vir my lyk asof tante ons hier verwag het?' vra ek nuuskierig.

"'Maar natuurlik het ek mense verwag die Liewe Heer stuur elke jaar vir ons mense vir Kersfees Hy het nog nie een jaar oorgeslaan vandat die kinders hier weg is stad toe nie ek het Hom so gevra en Hy het so gedoen.' Punte en kommas bestaan nie vir die tante nie.

"'Hoe dan so, tante?' wil ek weet.

"'Nee Meneer sien ons is eintlik afstammelinge van die Griekwas wat vroeër jare hier deurgetrek het en onse kinders het nooit die liefde vir die wêreld gehad soos ons dit het nie en jare terug het hulle besluit hulle is moeg vir die wêreld met sy hitte en droogtes en goed en op 'n dag het hulle net besluit om weg te trek en tot nou toe het ons nog nie weer 'n woord van hulle gehoor nie dis vanjaar al vyftien jaar dat hulle weg is.'

"Die tante skep asem. Die oom vat oor. 'Net voor die eerste Kersfees nadat die kinders hier weg is, sê ek vir die vrou, ek sê 'Ma, ek kan nie hierdie jaar Kersfees hou nie. Die kinders is weg en dis net ons twee en my hart is seer en sal net seerder word hier oor die Groot Dae. Wat gaan ons maak?''

"'Sy sê toe, 'Hennerik, moet nou nie daaroor wakker lê nie ek het reeds vir onse Hemelse Vader gevra om vir ons mense te stuur vir Kersfees more gaan ek die spaarkamer begin regmaak en jy moet kom hjelp.''

"'Dit was 'n week voor Kersfees. Die volgende dag het die stof gestaan soos die vrou alles begin regmaak het, en ek het angstig gehoop dat die Vader vir haar gehoor het en dat sy nie teleurgestel sal wees nie.'

Die tante val in. "Daardie eerste jaar het die mense gekom ook op Oukersdag - net soos Meneerhulle ook geverdwaal ek het kant en klaar gekook gehad toe hulle hier aanland daar was 'n kleintjie ook by ek was so bly Hennerik het

*Vervolg op p. 8*

Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom; F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

Pick n Pay
Van der Hoffpark
Potchefstroom
Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131


# Ukraine: Churches are Growing Tremendously



***"If I speak in the tongues of men or of angels, but do not have love, I am only a resounding gong or a clanging cymbal. If I have the gift of prophecy and can fathom all mysteries and all knowledge, and if I have a faith that can move mountains, but do not have love, I am nothing"*** **(1 Cor. 13:1-2).**

**Pentecostal and Evangelical churches in Ukraine are experiencing significant growth, and may emerge from the war stronger than ever before.**

**"Churches are packed out because people are seeking God," says Jane Dollar, an *Assemblies of God* missionary to Ukraine who has spent the past year operating a centre for Ukrainian refugees in Poland.**

**This is confirmed by Mykhailo Panochko, senior bishop of the 100-year-old Ukrainian Pentecostal Church. "There is great spiritual hunger in the nation. Many have been discipled and baptized. The harvest is so big that we lack workers, ministers, people who can feed and grow the people, maturing them in Christ."**

**For example, a small church in the once-occupied southern city of Kherson has more than 500 new people attending, but only one minister. The Fellowship's 1 700 churches and 115 000 adherents responded to hostilities by stepping into the breach and learning to minister in new, compassionate ways.**

**"The full-scale invasion showed us the incredible potential of the Church in ministry to our nation," says Panochko. "The churches immediately started social projects to help people in need. Pentecostal churches rescued and evacuated 100 000 people from multiple combat zones."**

**These zones include the eastern border with Russia where, in late February, a small team of Christian laypeople took a van and trailer loaded with food and Bibles into hostile territory. When the Russian army pulled back from occupied places last fall, Pentecostal Church teams rushed in to bring food, hygiene items, and medical supplies to people in places like Izium. That city today looks as if torn from a post-apocalyptic graphic novel; bombed and blasted to pieces; multi-storey buildings split into two by missiles; and few people moving about the vacant streets.**

**In some cities, Pentecostals delivered the first loaves of bread to residents after de-occupation. "It was an absolutely new realm for churches," says Panochko.**

**In Lyman, six miles from the front lines of conflict, the team of Christians unloaded food and free Bibles in a village that have been caught between the armies. Artillery boomed nearby, tanks lurked in forests, and hundreds of soldiers traversed muddy roads, going to and from the front lines as the team chatted with villagers.**

**A mother and daughter approached, eyes gleaming as they talked about how they discovered a nearby Evangelical church they called "the house of prayer." "Now all my family is going to church," said the mother, holding her Bible confidently. "I can't live without church!" The pair survived in a basement without water or electricity when war swept over the country. But they have found spiritual life while surrounded by armies.**

**While some people remained, millions fled and became displaced. Churches in Western Ukraine opened their doors to thousands. "Churches provided housing for people heading for the border to get out of the country," Panochko says. "There were many mattresses all over the sanctuary, the stage, the pastors' offices, the Sunday School classes, everywhere."**

**Pentecostal churches, with the aid of AGWM, bought semi-trucks full of fuel to help those trying to reach the border. The congregations kept around 150 vehicles on the road at all times, transporting thousands of women, children, and elderly people away from the front lines.**

**The Ukrainian Pentecostal Church Fellowship also delivered more than 50 000 tonnes of humanitarian support to people in crisis. In winter, men in the churches built and delivered simple stoves and firewood to people in war zones. Wives made and donated canned foods, like fish, that could be heated on an open fire in the absence of electrical power.**

**"The Church understood that this is the best time to show Jesus's compassion to those who are in need," says Panochko. "Besides all the humanitarian support, we gave people more than 1 million copies of the New Testament."**

**Further west, in comparatively wealthy Warsaw, Poland, revival has broken out among Ukrainian refugees. Young people conduct daily street-and-subway ministry downtown, where their joyful guitar-playing and singing draw young people to Bible studies and church meetings. On a Thursday night, 45 young people gather in an upper room to pray, worship, laugh, and discuss the Bible. All fled the war in Ukraine. Alexander, who preferred to give only his first name, led the meeting.**

**"We have never seen a time like this when the Ukrainian people are hungry to hear the Gospel," says Alexander, who pastors a network of Pentecostal churches. "When we talked about revival many years ago, we were thinking it was going to be something very nice in a peaceful time, and everybody would repent. We never thought it was going to be war. We never thought that people would hear about Jesus in this way."**

**In the Ukrainian city of Kremenchuk, one independent Evangelical church has more than quadrupled in size in just a few months. Pastor Vladimir Avilov rented a large hall downtown to accommodate those showing up on Sunday mornings for teaching, music, and fellowship.**

**"Before the war, we invited people to church all the time, and no one came," Avilov says. "Then, in one moment, people came, and more and more people are coming." Yana, 33, a wife and mother, eagerly spoke of the joy she has found among these Christians. "The situation here is awful, but we believe in God," Yana says. "Every day we are praying, 'God, help us. Protect our army, our people,' and we are waiting for it to end soon."**

**In Kiev, Jane Dollar's husband, Gerald, serves as the chief financial administrator at *Evangel Theological University.* He stayed in the city during the bombing and Russian siege to help coordinate church aid to local people.**

**"When the war broke out, the Pentecostal churches didn't have to create aid networks," says Gerald. "They had them and all they had to do was scale it up." By giving aid, congregations have grown tremendously.**

**"Pentecostal churches became the source of help. When people spend hours on church property receiving aid and being ministered to, loved, taken care of like nobody else has ever done for them, there's an attraction there. It's bringing people to the Cross."**

**There has been no better aid organisation than churches, he says. "The Church will have a different image coming out of the war and it will be an opportunity to have an even greater impact."**

***Source: Joel Kilpatrick, AG News via Joel News***
**https://www.joelnews.org**

## WHEN PEOPLE SAW...

**When people saw a barren woman in Sarah, God saw a mother of nations.**

**When people saw a poor young shepherd in David, God saw a mighty King of Israel.**

**When people saw a poor prisoner in Joseph, God saw a powerful Minister of Egypt.**

**SO NEVER MIND WHAT PEOPLE SEE IN YOU. GOD HAS A PERFECT PLAN FOR YOU!**

# TERT SE KERSFEESSTORIE

Vervolg van p. 6

gesê die Here het ons nie alleen gelos nie.'

"Die eenvoud, geloof, vertroue en die opregtheid van die mense het my aangegryp," vertel Tert.

"Nadat ons geëet het, het die oompie die dankgebed gedoen en toe strammerig opgestaan. 'Sit julle net so. Ek gaan net die Bybel haal.'

"Toe die oom terugkom, gee hy vir my die Bybel aan.

"'Sal Meneer asseblief vir ons lees. Nie ek of die vrou het enige gelerendheid nie en al wanneer ons die Bybel uithaal is wanneer hier mense kom wat dan vir ons lees. Verder sê ek maar die stukkiekies op wat so met die jare saam in my kop vasgesteek het, of wat ek nog in die Sondagskool uit my kop moes geleer het. My pa-hulle het ons nie skool toe kon stuur nie, maar ons moes elke Sondag kerk toe gaan en daarna was dit Sondagskool.'

"Ek maak die Bybel oop. 'Wat moet ek vir oom-hulle lees?'

"'Lees vir ons asseblief die geboorteverhaal. Soos wat dit in Lukas staan.'

"'Ja, asseblief,' kom dit van die tante, 'dis baie mooier daar as in die ander boeke van die Bybel.'

"Terwyl ek rondblaai, kry ek die reuk van mottegif. Hier en daar is 'n foto'tjie tussen die blaaie gebêre. Ek begin lees.

"Die kombuis het amper 'n heilige plek geword. 'n Katedraal. Ek lees van Maria en die Kind. Van die stal en die krip. Van die herders en die wyse manne. Dis stil toe ek die Boek toemaak.

"Die oom sit met sy hande in eerbied gevou. Deur die kombuisvenster het die volmaan groot en wit oor die kameeldorings gelê. Saggies begin die tante Stille Nag te sing. Haar oumensstem is krakerig, maar vir ons het dit die klank van 'n nagtegaal gehad. Dis asof van iewers af die engele saamgesing het. Die oom het met sy dreunstem ingeval en Lien kort na hom.

"Ek het probeer, maar die knop in my keel was te groot. Ek kon net fluister. Ek het daar liefgeword vir hierdie twee eenvoudige, maar opregte mense.

"'Ek wens daar was iets wat ons vir die twee oues kon doen,' sê ek later vir Lien toe ons in die bed lê.

"'Hulle het alles wat hulle nodig het,' sê Lien. 'Wêreldsgoed beteken vir hulle niks nie.

'As ons iets wil doen, moet ons bid en vra dat die Here hulle kinders sal laat terugkom.'

"Daar langs die bed het ons toe gekniel en vir die Here gevra om tog ook aan die oumense se hartseer te dink en hulle kinders te laat terugkom. Met 'n tevrede gemoed het ons die kers doodgeblaas en aan die slaap geraak.

"Die oumense was baie bly toe ons vra of ons 'n paar dae langer kan bly. Ons kon eenvoudig nie genoeg van hulle gasvryheid kry nie. Ons het saam met hulle lang ente met die donkiekarretjie in die veld gery, en dit was veral vir Lien baie lekker. Dit het my laat besef hoe leeg ons lewens regtig geword het. As ons kuiermense kry, dan vat ons hulle na een of ander Mall of 'n ding toe, maar hier is 'n rit op 'n donkiekar in die veld 'n siele-lafenis.

"Oujaarsdag se middag toe ons terugkom van die veld af, sien ons die vreemde kar onder die kameeldoring staan.

"'Haai kyk Pa ons het nog mense gekry is dit nou nie vir jou wonderlik nie?'

"Dis toe die figuur om die hoek van die huis kom dat die oom die teuels styf pluk.

"Die donkies het nog nie eers behoorlik stilgestaan nie, of die oom spring af en storm vooruit.

"'Hennerik! Hennerikkie my seun!' Die oom huil.

"'Pa!' roep die man van die hoek af. 'Pa!' Toe is hulle in mekaar se arms. Die pa en sy seun.

"Die tante kom ook by. 'Hennerik... Hennerikkiekie, is dit regtig jy, my kind?' Die tante se vreugde ken geen perke nie. Hulle omhels mekaar.

"'Wag Ma, Pa, hier is nog mense.' Toe sien ons die ander mense wat om die hoek kom.

"'Freek!' roep die oom. 'Freek, ag my seun. Ek is so bly! Die Here is vir ons goed. En die ander? Wie is hulle?'

"'Pa, Ma, ontmoet ons vrouens en julle kleinkinders.'

"Toe het daar voor ons oë 'n ding gebeur wat in my geheue ingegraveer is en wat ek sal onthou tot die dag van my dood," sê Tert.

"Die oom sak daar op die warm kalaharisand op sy knieë neer en bid 'n dank- en lofgebed waarvan ek die gelyke nog nie gehoor het nie. Soos 'n Abraham van ouds. Op sy knieë met sy hande na bo uitgestrek.

"Ek en Lien het na mekaar gekyk. Trane het in Lien se oë geblink. Ons het op heilige grond gestaan. Ons gebed is verhoor. Die Here het vir ons gegee presiés wat ons van Hom gevra het."

*- Anoniem*

# LOVE'S SWEETEST STORY

George Bennard was born on February 4, 1873 and went to be with the Lord on October 10, 1958. In between lay a fruitful life of service and commitment to the Lord.

George Bennard was an American Evangelist and Gospel songwriter. After serving in the *Salvation Army* he ventured out on his own, preaching and teaching the Church the songs he had composed, the most well-known probably, *The Old Rugged Cross.*


He once heard a story which touched him deeply and later wrote a song about this stirring incident. Many years ago, when China was open to the proclamation of the Gospel, a missionary doctor told of a very old Chinese woman who attended one of his services. Enraptured, she listened to the message of Jesus and His great love for lost sinners.

At the end of the service, she opened her heart and received Jesus as her Saviour. With joy she trudged the many miles back to her village. A few days later, though, she returned and told the doctor, "He has saved me, but I cannot remember His Name. Will you tell me His Name again?"

When George Bennard heard this story, it moved his heart deeply and it became the inspiration for this most beautiful song:

*They told me love's sweetest story,*
*They told me a wonderful Name,*
*It thrilled all my soul with its glory,*
*It burned in my heart like a flame.*
*They told me of One Who so loved me*
*That in heaven He could not remain;*
*He came down to seek and to save me,*
*Oh, tell me His Name again?*
*They say He was born in a manger,*
*That there was "no room in the Inn"*
*That in His own world He was a stranger,*
*yet loved it in spite of its sin.*
*They say that His path led to Calvary*
*And that one day He died there in shame.*
*He gave His great love as a ransom,*
*Oh, tell me His Name again?*

Beloved, I give you... JESUS.
*- Helen du Plessis, 083 332 0895.*



# VIR ONS JONG MAATJIES...

## (en almal wat 'n jong hartjie het)



**BAIE BESIGE BYTJIE** wil graag vir julle die ware storie van Noag en die ark vertel…

Baie, baie, baie jare gelede was die mense só sleg dat GOD vreeslik KWAAD geword het. Hy het vir Noag geroep en vir hom gesê dat Hy v-e-r-s-k-r-i-k-l-i-k baie reën oor die aarde gaan uitgiet en dat AL die mense en diere gaan verdrink!

JA, Noag moes 'n g-r-o-o-t ark met drie verdiepings bou en hy en sy vrou en hulle drie seuns en hulle vrouens was die enigste mense wat in die ark kon ingaan, want die ander mense wou net n-o-o-i-t na Noag luister wanneer hy gedurig met hulle gepraat en hulle gewaarsku het om na God te luister nie.


En weet julle wat? Van al die rein diere op die aarde het daar sewe pare - mannetjies en wyfies - self na die ark toe aangeloop gekom. En van die onrein diere net een paar: 'n mannetjie en 'n wyfie van elke soort dier. Al die diere en voëls was gehoorsaam en het gekom en in die ark ingegaan.



Maatjies, maar nou gaan ek julle vertel van 'n paar diere wat hulle probeer snaaks hou het en amper NIE in die ark toegelaat is nie!

**LANGNEK KAMEELPERD** kom toe mos daar aan en hy wil by die deur van die ark glad nie sy lang nek buig nie. Hy is baie T=R=O=T=S en verskriklik H=A=R=D=K=O=P=P=I=G en hy sê vir Noag dat hy nie sy pragtige lang nek gaan b-u-i-g nie! Vir niks en niemand nie!

Toe sê Noag baie streng vir hom: "As jy nie jou trots in jou sak gaan steek en jou lang nek buig nie, bly jy buite en verdrink dan maar saam met al die ander diere!"




Toe LANGNEK dít hoor, het hy baie groot geskrik en toe gedwee sy nek gebuig en tog besluit om in te gaan.

Maatjies, julle weet, Jesus hou glad nie daarvan dat mense so baie trots moet wees nie. Hy hou van gehoorsame en nederige mense wat nie altyd dink hulle is beter as ander mense nie.

Maar maatjies, Noag was nog besig om LANGNEK te berispe, toe kom RAASBEK RENOSTER daar aangehardloop en hy stamp sommer al die diere wat voor hom in die tou staan hard met sy skerp horing.

Sjoe! Dit het Noag nog kwater gemaak! "RAASBEK, pasop! Ek saag sommer jou horing af! Jy mag nie so ongeskik wees en net aan jouself dink nie! Hier is baie ander diere wat rustig en ordentlik in die ry staan en jy het geen maniere nie, maar wil hulle uit die pad stamp om eerste te wees!



As jy jou nie nou dadelik goed gedra nie, gaan jy ook nie die ark binne nie!"


En RAASBEK moes toe maar sy horing op sy plek hou en stil en rustig in die tou staan en wag om in die ark in te gaan.

Maatjies, Jesus hou ook glad nie daarvan as ons ander maatjies uit die pad stamp en hulle niks gun nie. Hy hou daarvan as ons mooi en liefdevol teenoor mekaar optree.



Joe maatjies, daar het nog iets anders ook gebeur wat die ander diere se monde laat oophang het. Daar het snikke van die grond af opgestyg.

Toe almal kyk wat dan nou aangaan, sien hulle DAANTJIE DUISENDPOOT huil verdrietig.




"Wat is verkeerd, ou DUISEND-POOTJIE?" vra Noag.

"Ag, oom Noag, almal trap altyd op my ou pootjies en hulle maak my pootjies en my gevoelens tog so seer!"

"Ou DAANTJIE, dis maklik, sê Noag. Probeer net altyd al jou pootjies uit ander diere se pad hou, moenie so baie fyngevoelig wees nie en kom lê naby my in die ark."

Maatjies, daar is maar probleme vir ons almal in hierdie lewe, maar ons moet ook maar ons "pootjies" - ons fyngevoeligheid en ons seerkry - na Jesus toe neem. Hy sal ons styf vashou en vertroos.

Toe al die diere in die ark ingegaan het, vra Noag nog vir oulaas: "Is almal nou veilig in die ark?"



"Nee, Oom Noag!" skreeu 'n koor diere. "Die parmantige APIE ARMAND, swaai nog al die tyd in die boomtakke hier buite die ark rond. Ons roep hom en waarsku hom, maar hy wil NIE luister en in die ark inkom NIE."

Noag roep toe nog 'n laaste keer DRINGEND vir APIE om in die ark in te kom voordat hy die deur styf toemaak en die Here dit sluit.

Maar parmantige APIE ARMAND steek sy tong uit en swaai net verder weg.

En Maatjies, toe begin dit dadelik te r-e-ë-n en r-e-ë-n en r-e-ë-n, 40 dae en 40 nagte lank! En AL die mense en diere en voëls wat nie in die ark ingegaan het nie, het verdrink!



Maatjies, JESUS is ons ark. By Hom kan ons skuiling vind teen al die moeilikhede van hierdie wêreld, maar ons moet dan eers ons hartjies vir Hom oopmaak en Hom innooi om by ons te kom bly.

Vra vir Mamma of Pappa om saam met jou te bid en jou te help om jou hartjie vir Jesus te gee. ©*Huegene Venter*

# FIKSHEIDSWENKE UIT DIE BYBEL

▪▪▪▪▪▪

**Strek-oefeninge**
*Vergeet die dinge wat agter is en strek jou uit na wat voor is (Filippense 3:14).*

▪▪▪▪▪▪

**Asemhalingsoefeninge**
*Laat alles wat asemhaal, die Here prys (Psalm 150:6).*

▪▪▪▪▪▪

**Brein-oefeninge**
*Watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees, daarop moet julle julle gedagtes rig (Filippense 4:8).*

▪▪▪▪▪▪

**Oog-oefeninge**
*Die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof (Hebreërs 12:2).*

▪▪▪▪▪▪

**Gesig-oefeninge**
*Wees altyd bly in die Here, ek herhaal wees bly (Filippense 4:4).*

▪▪▪▪▪▪

**Oor-oefeninge**
*Elke mens moet maar gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie (Jakobus 1:9).*

▪▪▪▪▪▪

**Tong-oefeninge**
*Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing (Kolossense 3:16).*

▪▪▪▪▪▪

**Been-oefeninge**
*Versterk daarom die slap hande en die lam knieë en loop die reguit pad (Hebreërs 12:12).*

▪▪▪▪▪▪

**Hart-oefeninge**
*Skep vir my 'n rein hart o God, vernuwe my Gees en maak my standvastig (Psalm 51:12).*

▪▪▪▪▪▪

**Nek-oefeninge**
*Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie want ek is jou God (Jesaja 41:10).*

▪▪▪▪▪▪

**Hand-oefeninge**
*Ek strek my uit in gebed na U toe (Psalm 143:6).*

▪▪▪▪▪▪

**Ontspanningsoefeninge**
*Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle (1 Petrus 5:7).*

▪▪▪▪▪▪

**Lekker Oefen!**

# 'N BOOM

Op 'n dag hou ek stil bo-op 'n berg in die plantasies van Tzaneen. Ek staan en kyk oor die omgewing en die Laeveld en dink ek kan tot by Phalaborwa sien. Ek hoor 'n voertuig aankom en dit ry tot by my. 'n Voertuig van *Merensky Bosbou*. Die vuurtoring het gerapporteer dat hulle 'n voertuig sien stilhou het in die plantasie. Die bosbouer het kom kyk wat aangaan.

Ons kyk saam na die omgewing - Pragtig! En Hannes (die bosbouer) vra my toe: "WAT IS 'N BOOM?"

'n Boom? Wat 'n vraag! Ek dink 'n bietjie en besef hy wil vir my iets sê en ek vra hy moet my vertel… Hy vervolg: "A TREE IS A SEED THAT TOOK A STAND." Daar gaan gewoonlik 'n klomp sade tot niet. Party lê net en het op klip geval. Ontkiem, maar verdroog. Ander versuip. Ander ontkiem, maar lê bo-op en verdroog. Ander groei, maar brand dood. Daar is 'n klomp redes waarom dit nie tot volwassenheid ontwikkel nie, maar teen die tyd wat dit 'boom' geword het, is dit een met getuienisse. Een wat 'n klomp aanslae oorleef het!"

My vriend / vriendin, as jy "groot" geword het, 60 verby, dan het ek baie respek vir jou. Dan beteken dit jý is "A tree that took a stand." Maar, dan vertel dit ook dat jy gespaar is sodat jy koelte kan gee, takke het waarop voëls kan sit en nesmaak, vrugte kan dra vir almal om daarvan te kan eet, hout het wat gebruik kan word, en 'n karakter het wat eie aan jou is. Pragtig gevorm en uniek!

Jy is gevorm om 'n doel te dien. Ek bid dat jy nie net staan en wag dat jou tyd verbygaan nie. Jy is 'n uitverkore saad wat 'n BOOM geword het. Jy het vrug, koelte, en stabiliteit vir ander. Ek dank God dat ek vir jou kan sê dat jy spesiaal gespaar is tot nou.

Vader, ek bid vir elke boom wat staan. Dat U vir elkeen sy of haar waarde sal wys en dat hulle dit ook sal uitleef. Dankie, Vader, dat ons tot hier gevorder het en vrug het vir ander om te eet. Ek loof U groot en Heilige Naam!

[OPGEDRA AAN ONS SENIOR KONINGSKINDERS].

